



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR
SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**BESIGHEIDSTUDIES
MEMORANDUM
NOVEMBER 2008**

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 43 bladsye.

NOTAS AAN MERKERS:

1. Vir nasien en modereringsdoeleindes, word die volgende kleure aanbeveel:
 - Nasiener – rooi
 - Senior nasiener – groen
 - Adjunk Hoof- en Hoofnasiener – swart
 - Interne moderator – oranje
2. Die nommering van assesseringstandaarde is in ooreenstemming met die beginsel van progressie van Graad 10 tot 12 bv. Die eerste assesseringstandaard is 12.1.2.
3. Kandidate se antwoorde moet in volsinne vir Seksie B en C wees. Dit moet afhang van die aard van die vraag.
4. 'n Omvattende memorandum is voorsien maar dit is geensins volledig nie. Verskuldigde oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is maar:
 - gebruik 'n ander uitdrukking as wat in die memorandum verskyn.
 - afkomstig uit 'n ander bron.
 - wat korrek en oorspronklik is.
 - verwant aan ander toepaslike LO of AS.
5. Neem asseblief sorgvuldig kennis van ander relevante antwoorde wat deur kandidate gegee word en ken punte dienooreenkomstig toe.

6. Afdeling B

- 6.1 Indien byvoorbeeld, VYF feite vereis word, merk die EERSTE VYF antwoorde van die kandidaat en ignoreer die res van die antwoorde.
- 6.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, ken aan kandidaat VOLLE krediet toe.
- 6.3 Indien van kandidate verwag word om eie voorbeelde/sienings te gee, bespreek dit by die nasiensentum ten einde finaliteit te kry ten opsigte van die alternatiewe antwoorde.
- 6.4 Alle vrae wat van kandidate verwag word om te 'verduidelik/bespreek/beskryf' sal soos volg nagesien word:
 - Opskrif (2 punte)
 - Verduideliking (1 punt) of soos aangedui in die memorandum.
- 6.5 In vrae wat van kandidate vereis word om te 'noem', kan antwoorde van kandidate in frases gegee word en nie noodwendig in volsinne nie.

7 Afdeling C.

- 7.1 Die uiteensetting van puntetoekenning vir opstelvrae is soos volg:

Inleiding	3	
Inhoud	27	maksimum
Gevolgtrekking	2	
Insig	8	
Totaal punte	40	

7.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/uitleg (is daar 'n inleiding, inhoud gebruik behoorlike paragrawe en gevolgtrekking? Is daar logiese vloei/aaneenskakeling in die bespreking? Het die leerling die konsepte geïllustreer met voorbeelde?)	2
Analise en interpretasie (kandidate se vermoë om die vraag te verdeel ten einde begrip te toon van wat gevra is.)	2
Sintese (Watter gedeelte van die vraag sou jy insluit in die antwoorde? Is relevante afdelings in die antwoord ingesluit)	2
Oorspronklikheid, voorbeelde relevante inligting huidige neigings en ontwikkelings	2
TOTAAL VIR INSIG:	8
TOTAAL PUNTE VIR FEITE:	32
TOTAAL PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):	40

- 7.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn met 'n simbool bv. ('SASO')
- 7.4 Die insigkomponente word aangedui aan die einde van die voorgestelde antwoord vir elke vraag. Neem kennis: Die komponente kan verskil vir elke vraag.
- 7.5 Merk alle relevante feite tot MAKSIMUM punte in 'n onderafdeling behaal is. Skryf MAKS. na die maksimum punte behaal is.
- 7.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insigpunte soos volg aan: (S (struktuur) en/of A (analise)/ S (sintese)/ O oorspronklikheid) soos in die illustrasie hieronder).

INHOUD	PUNTE
Feite	32
S	2
A	2
S	2
O	2
TOTALE PUNTE	40

- 7.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die sub-maksima aangedui, veral as kandidate nie van dieselfde subopskrifte gebruik gemaak het nie. Onthou, opskrifte en subopskrifte dra by tot insig (struktuur / logiese vloei / opeenvolging) en dui helderheid van denke aan. (Sien UITEENSETTING van PUNTE aan die einde van elke vraag.)
- 7.8 Indien kandidate die vraag verkeerd identifiseer / interpreteer, dan kan hy/sy nog steeds punte verdien vir insig.
- 7.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik is, maak seker dat antwoorde geassesseer word volgens die puntetoekenning/sub-opskrifte soos aangedui in die memorandum.
8. Neem sorgvuldig kennis van die herhaling van feite. Dui aan met 'n 'R'.
9. Subtotale van die vrae moet aan die regterkantse kantlyn geskryf word. Slegs die totaal vir elke vraag moet aan die linkerkantse kantlyn langs die toepaslike vraag verskyn.
10. Ken TWEE punte vir volledige sinne toe. Ken EEN punt vir frases, onvolledige sinne en vae antwoorde toe.

AFDELING A:**VRAAG 1**

- 1.1.1 C
- 1.1.2 D
- 1.1.3 B
- 1.1.4 D
- 1.1.5 C
- 1.1.6 A
- 1.1.7 B
- 1.1.8 D
- 1.1.9 B
- 1.1.10 D

(10 x 2 = 20)

- 1.2.1 G (Lewensversekeringspolis)
- 1.2.2 E (Uitkontraakteer)
- 1.2.3 A (Insubordinansie)
- 1.2.4 B (Gehaltebeheer)
- 1.2.5 C (Vaardigheidsontwikkingswet)

(5 x 2 = 10)

- 1.3.1 Waar
- 1.3.2 Waar
- 1.3.3 Onwaar/vals
- 1.3.4 Waar
- 1.3.5 Onwaar/vals

(5 x 2 = 10)**Totale Punte: 40****Uiteensetting van punte**

Vraag	Punte
1.1	20
1.2	10
1.3	10
Totaal	40

AFDELING B:**VRAAG 2****2.1.1 Verduidelik SETA se bydrae tot die versekering dat goeie vaardigheidsontwikkeling plaasvind. Illustreer deur enige TWEE voorbeelde te gebruik. (LO 1 AS 4) (LO 4 AS 3)**

- Bestuur die vakleerlingskap en opleiding in elke SETA-sektor. √√
- Verseker dat vaardigheidsvereistes van verskillende sektore geïdentifiseer is. √√
- Verseker dat opleiding van die toepaslike gehalte is. √√
- Verantwoordelik vir Vaardigheidsprogramme ten einde vaardighede van huidige werkers te verbeter. √√
- Bystand aan werklose mense om die arbeidsmark te betree deur voorsiening van vaardigheidsprogramme. √√
- Voorsien akkreditasie aan fasiliteerders en Opleiding Voorsieners. √√
- Enige ander relevante vaardigheidsontwikkeling program antwoord. √√

(enige 2 x 2) = (4)**VOORBEELDE:**

- SETA – Ingenieurswese wat opleiding en vaardigheidsontwikkeling verskaf in ingenieursveld bv. elektroniese ingenieurswese. √√
- SETA – Kantooradministrasie wat opleiding en vaardigheidsontwikkeling aan sekretaresses en kantoorassistente in kantoorwerk voorsien. √√
- AGRISETA – Landbousektor
- BANKSETA – Bank sektor
- CETA – Konstruksie sektor
- CTFL SETA – Klere, tekstiele, voetware en leer sektor
- ETDP – Onderwys opleiding en ontwikkeling praktyke
- FASSET – Finansiële en rekenkundige dienste sektor
- FOODBEV – Voedsel en versnappings sektor
- HWSETA – Gesondheid en welstand sektor
- MQA – Mynkwalifikasies outoriteit
- PSETA – Publieke dienste sektor
- SERVICES SETA – Dienste sektor
- THETA – Toerisme en hospitalisasie en sport sektore
- W&R SETA – groothandelaar en kleinhandelaar sektore
- Enige ander relevante SETA. √√

Afkorting / Ten volle uitgeskryf – 2 Punte
Verduideliking – 2 Punte
- AGRISETA of Landbou Sektor
- BANKSETA – Bank sektor

(enige 2 x 2) = (4)

Verduideliking	Maks 4
Voor beeld	Maks 4

2.1.2 Beskryf hoe SETA befonds word. (LO 1 AS 4 en LO AS 3)

- Ontvang 80% van die fondse wat ingesamel is van die Vaardigheids ontwikkelingsheffing wat kwalifiserende besighede moet betaal. ✓
- Werkgewers betaal 'n maandelikse heffing gelykstaande aan 1% van die totale salarisse-en-lone-uitgawe van die besigheid. ✓
- Vanaf die Vaardigheids Ontwikkeling Fonds. ✓
- Verhoogte inkome vanaf dienste gelewer deur SETAS. ✓
- Toelaes, donasies en bemakings. ✓
- Vanaf die Nasionale Vaardigheids Ontwikkeling Fonds. ✓
- Inkome van oortollige fondse geïnvesteer. ✓
- Inkome verdien van surplus geld geïnvesteer. ✓

(enige 1 x 2) = (2)**2.2.1 Waarvoor staan die letters BBSEB? (LO1 AS 4 en LO 4 AS 3)**

- Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging.

(2)**Of**

- Swart Ekonomiese Bemagtiging

2.2.2 Gee redes vir die instelling van die BBSEB-wetgewing deur enige TWEE voorbeelde te verduidelik. (LO 1 AS 4) (LO 4 AS 3)**VOORBEELDE:**

- Eienaarskap en bestuur van swart mense in bestaande en nuwe besighede. ✓✓ bv. Swart Suid-Afrikaners het 'n meerderheidsaandeel in African Rainbow Minerals. ✓
- Om gelyke indiensnemingsgeleenthede aan benadeelde mense te voorsien. ✓✓
- bv. Kumba Hulpbronne het 'n groot aantal swart vroue in diens geneem. ✓
- Enige relevante antwoord in verband met die implementering van BBSEB.
- Die hoekstene van bestuur moet verstaan word.

(6)

Feit	Maks 2
Voorbeeld	Maks 1

2.2.3 Stel TWEE maniere voor waarop die BBSEB-wetgewing in 'n maatskappy, wat 'n groot bosbouplantasie het, aangewend kan word. (LO 1 AS 4)

- Die bosboumaatskappy kan hulle eie vervoerbesigheid hê, en hulle kan hierdie funksie uitkontraakteer aan hulle swart werknemers, bv. eienaardrywer ✓✓
- Verkoop 'n deel van sy aandele aan swart werknemers sodat hulle kan deel in die winste van die maatskappy. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord van toepassing op BBSEB.
- Enige ander besigheid voortvloeiend uit bosbou plantasie

- Enige ander swart persone behalwe werknemers wat 'n direkte belang in die besigheid het.

(enige 2 x 2) (4)

2.3 Vir elke stelling hieronder, identifiseer die besigheidsektor waarmee dit verband hou en gee 'n rede vir jou antwoord. (LO 1 AS 5)

2.3.1 Identifikasie

Primêre sektor √√

Rede

Die ontginning, versameling of kultivering van natuurlike hulpbronne (grondstowwe). √√

(4)

2.3.2 Identifikasie

Sekondêre sektor. √√

Rede

Verwerking van natuurlike hulpbronne (grondstowwe) tot finale produkte. √√

(4)

Identifikasie	Maks 2
Rede	Maks 2

2.4 Beantwoord die volgende vrae oor die Wet op Billike Indiensneming, 1998 (55 van 1998): (LO 1 AS 4)

2.4.1 Gee die hoofdoel van die Wet op Billike Indiensneming.

- Om die transformasieprogram van die regering te implementeer. √√
- Besighede moet gelyke werksgeleenthede vir alle mense in die land skep. √√
- Elimineer onbillike diskriminasie. √√
- Strewe na verskeidenheid in die werkplek. √√
- Aanspreek van historiese ongelykhede van die verlede. √√
- Gelyke verteenwoordiging in die werkplek. √√

(enige 1 x 2) (2)

2.4.2 Evalueer die uitwerking van hierdie Wet op besighedsbedrywe. (LO 1 AS 4)

- Werkgewers moet geleenthede skep vir voorheen benadeelde mense. √√
- Werkgewers word verbied om teen enige iemand te diskrimineer op grond van ras, geslag, ouderdom of gestremdhede. √√Werkgewers moet hulle werkplekke transformeer sodat struikelblokke tot gelyke indiense-neming verwyder word. √√
- Koste implikasies met die implementering van die wet. √√
- Implementering van die Wet is tyd verspilling. √√
- Personeel omset word beïnvloed. √√
- Kan lei tot verlies van gekwalifiseerde werkers. √√
- Kan lei tot konflik in die werkplek. √√

- Enige ander relevante antwoord van toepassing op die impak van die Wet op Billike Indiensneming. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)

2.4.3 Maak TWEE voorstelle oor die maniere waarop die regering tot die suksesvolle implementering van hierdie wet kan bydra. (LO 1 AS 4)

- Transformeer die werkplek deur SETA's/Leerlingskappe.
- Werkgewers word beboet indien hulle nie die bepalings van die Wet op Billike Indiensneming implementeer nie. ✓✓
- Werkgewers moet gereelde verslae aan die Departement van Arbeid oor hulle gelyke indiensnemingsplanne voorlê. ✓✓
- Stuur inspekteurs om die implementering van die wet te monitor. ✓✓
- Maatskappye wat voldoen aan die wet ontvang sertifikate/erkenning. ✓✓
- Voorsien aansporings aan maatskappye wat voldoen aan die wet. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord van toepassing op die regering se bydrae tot suksesvolle implementering. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)

2.5.1 Identifiseer TWEE sosiaal verantwoordelikhedsprogramme wat deur Grinaker-LTA vir die gemeenskap geïmplementeer is. (LO1 AS 3)

- Opgradering van bestaande skole en die bou van nuwe skole in voorstedelike en afgeleë gebiede. ✓✓
- Toewysing van fondse vir SAICE Brugboukompetisies. ✓✓
- Toewysing van fondse vir onderwysmateriaal vir die Wiskunde-sentrum vir professionele onderwysers. ✓✓
- Enige relevante sosiaal verantwoordelikhedsprogram in verband tot die gevallestudie

(enige 2 x 2) (4)

2.5.2 Regverdig die besluit van Grinaker-LTA om 1% van hul jaarlikse verdienste, aan KSI te bestee met betrekking tot sowel die maatskappy self as die gemeenskap. (LO 1 AS 3)

Voordele vir die Maatskappy

- Bevorder die beeld van die maatskappy. ✓✓
- Die maatskappy geniet klandisiewaarde/verbruiker lojaliteit. ✓✓
- Hoogs geskoolde werkers kan gewerf word, bv. ingenieurs. ✓✓
- Dien as bemarkings strategie ten einde verkope te vermeerder. ✓✓
- Vermeerder produktiwiteit deur groter toewyding van werknemers. ✓✓
- Belasting voordele aan die maatskappy. ✓✓
- Skep 'n neiging vir ander maatskappye om na te volg. ✓✓
- Enige relevante antwoord rakende die voordele vir die maatskappy. ✓✓

(enige 3 x 2 = 6)

Voordele vir die gemeenskap

- Werkskepping. √√
- Armoedeverligting. √√
- Verhoging van die lewenstandaard van die gemeenskap. √√
- Verbetering van die onderwys en onderwysfasiliteite van die gemeenskap. √√
- Enige relevante antwoord rakende KSI. √√

(enige 3 x 2 = 6)
Maks. 8

NOTA: Indien die kandidaat 'n gekombineerde antwoord gee, dan moet daar 'n Maks. van (3 x 2 = 6) vir elke relevante voordeel aan die Maatskappy/Gemeenskap gegee word.

2.6 Umzinto Sugar Ltd. het 'n vakature vir 'n finansiële rekenmeester. Jy is die Menslikehulpbron-bestuurder van hierdie maatskappy. Omskryf VIER stappe in die werwingsproses wat jy, as menslike hulpbron bestuurder, sal volg om hierdie vakature te vul. (LO 4 AS 3)

- Die Menslikehulpbronbestuurder moet 'n werksomskrywing voorberei.
 - Die Menslike hulpbronbestuurder moet die werk- spesifikasie gereed hê. √√
 - 'n Besluit moet geneem word of werwing intern moet wees. √√
 - Indien intern nie suksesvol is nie moet oorgegaan word na eksterne werwing. √√
 - Indien ekstern, moet die Menslikehulpbronbestuurder die relevante werwingsbron kies, bv. werwingsagentskappe, hoër onderwys inrigtings of plasing van 'n advertensie in die koerant. √√
 - Die advertensie moet voorberei word met die relevante inligting, bv. die naam van die maatskappy, kontakbesonderhede, naam van die persoon wat gekontak kan word in verband met die vakature. √√
 - Plaas die advertensie in die toepaslike media. √√
- # Aanvaar enige volgorde in die gemelde stappe.**

Alternatiewe Antwoord:

- Werwing Beplanning – werk analise word uitgevoer. √√
- Werwing Aksie – hoe, waar en wanneer werwing moet plaasvind en wie verantwoordelik sal wees. Verskeie metodes kan gebruik word. √√
- Eksplorاسie van Menslike Hulpbronne – eerste stap in die werwing aktiwiteit in die werwing proses. Interne en eksterne hulpbronne kan gebruik word. √√
- Keuring – Applikante word gekeur om uit te vind of hulle kwalifiseer na aanleiding van vereistes van die pos. √√
- Uitgesoekte Applikante – Lys van gekwalifiseerde applikante voorsien die hulpbronne departement met uitgesoekte applikante en dit voltooi die werwings proses. √√

Alternatiewe antwoorde:

- Werwing√
- Seleksie√
- Plasing√
- Induksie√ **(Ken 'n maksimum van 4 punte toe al is daar verduidelikings)**
(enige 4 x 1 =4)
[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 2	PUNTE
2.1.1	8
2.1.2	2
2.2.1	2
2.2.2	6
2.2.3	4
2.3.1	4
2.3.2	4
2.4.1	2
2.4.2	4
2.4.3	4
2.5.1	4
2.5.2	8
2.6	8
TOTAAL	60

VRAAG 3**3.1 Met verwysing na etiek en professionele gedrag, verduidelik die volgende in die werksplek of industrie. Gebruik 'n voorbeeld om elke saak te illustreer. (LO 3 AS 3)****3.1.1 Onetiese reklame**

- Misleidende advertensies. √√
- Voorbeeld: adverteer tweedehandse goedere as nuut/verkeerde pryse. √√
- Advertensies moet eerlik wees en nie verbruikers se vertroue of gebrek aan kennis misbruik nie, √√
- Voorbeeld: bied 'n tweejaarwaarborg aan maar dit nie aanvaar as goedere foutief raak in die waarborg periode nie. √√
- Enige ander antwoord rakende onetiese advertensie.
- * Gee voorbeelde met illustrasie. (ken 4 punte toe)
- * Tweede handse goedere (2 punte)
- * Misleidende pryse, promosie, verpakking. √√
- * Gee goedere misleidende name. √√

(enige 2 x 2) (4)

Feit	2
Voorbeeld	2

3.1.2 Seksuele teistering

- Seksuele teistering is 'n skending van basiese menseregte wat gewoonlik gebeur wanneer iemand in 'n magposisie oor ander sy posisie misbruik. √√
- Voorbeeld: 'n Meerdere waarborg die toekenning van 'n bevordering of 'n verhoging in salaris in ruil vir seksuele gunste van die ondergeskikte. √√
- Seksuele teistering word verbied deur arbeidswetgewing en ondernemings moet hulle werknemers oor hierdie saak opvoed. √√
- Voorbeeld: die skuldige kan beboet word. √√
- Dit is enige seksuele voordeel, gebaar of opmerking wat 'n persoon intimiderend en bedreig in die werksplek laat voel. √√
- Voorbeeld: aanraking op 'n uitdruklik seksuele manier. √√
- 'quid pro-quo favours/gunste' om sekere dinge te doen. √√
- Fisiese/mondelinge seksuele voorregte.
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot seksuele teistering √√

(enige 2 x 2) (4)

Feit	2
Voorbeeld	2

3.2 Ontleed enige DRIE eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. Gebruik die voorbeelde uit die uittreksel om jou antwoord te ondersteun. (LO 2 AS 4)

- Goeie organisatoriese en bestuursvaardighede √√ - Optimistiese en doelgerigte mense, verloor nie insig oor belangrike bestuursfunksies nie. √√
- Goeie kommunikasievaardighede. √√ - Effektiewe interaksie met mense, positief en aangenaam. √√
- Kreatief en die vermoë om innoverend te wees √√ - Ondersoekend, intuïtief en geniet nuwe uitdagings, baie nuwe idees. √√
- Interpersoonlike vaardighede en die vermoë om met mense te werk. √√ gretig om mense te ontmoet en hulle tevrede te stel. √√
- Vermoë om berekende risiko's te neem ten einde produksie en winste te vermeerder. √√ - vermoë om onvolledige inligting te beoordeel en daarop te reageer. √√
- Positief en toegewyd tot die besigheid √√ - Selfversekerdheid, vasberadenheid en toewyding om hulle beste te lewer ten alle tye. √√
- Leerling gee slegs nommers soos in gevalle studie – 2 punte

(enige 3 x 4) (12)

Feit/verduideliking	2
Aanhaling uit gevallestudie	2

3.3 Bongani Algemene handelaars besigheid is nie verseker nie. Jy is 'n versekeringsagent. Bongani nader jou om hom oor versekering te adviseer. Jy voltooi 'n aansoekvorm vir Bongani se Algemene Handelaar besigheid. Die maandelikse premie is bereken teen R2 800 vir 'n totale waarde van goedere ten bedrae van R2 800 000.

3.3.1 Identifiseer die tipe versekering wat Bongani benodig en gee EEN rede waarom hierdie versekering voordelig vir hom is. (L0 2 AS 7)

- Nie verpligte versekering/kort termyn versekering/sekuriteitsversekering/versekering van voorraad. √√
- Versekering beskerm Bongani teen moontlike verliese wat hy kan ly as gevolg van 'n brand, inbraak, diefstal, stormskaade, ens. Daarom, indien hy verseker is, is hy skadeloos gestel deur die versekeringsmaatskappy. √√

(4)

Aanvaar geen antwoord rakende Lang termyn versekering.

Tipe	2
Rede	2

3.3.2 Bongani meld dat die premie van R2 800 per maand nie binne sy begroting is nie. Watter advies kan jy aanbied? Maak TWEE voorstelle. (LO 2 AS 7)

- Onderversekering is 'n opsie om sy begroting te pas. √√
- Bongani kan sy voorraad verminder.√√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot die voorstelle
- Verkry 'n kwotasie van 'n ander makelaar. √√
- Voorkomende maatreëls om risiko te verminder. √√
- Verminder operasionele koste. √√
- Vermoë om risiko's te absorbeer. √√

(2 x 2) (4)

3.4 Scenario – Investeringsgeleentheid en opbrengste.

3.4.1 Analiseer elke familielid se belegging in terme van die risikofaktor vir die twee jaar periode. (LO2 AS 7)

- Bob
- Hierdie is 'n lae risiko investering. √√
- Sam
- Hierdie is 'n hoë of medium risiko investering. √√
- Rina
- Daar is 'n klein of geen risiko verbonde aan vaste deposito's by handelsbanke. √√

Alternatiewe antwoord:

Leerlinge wat die risiko korrek orden, ken vol punte toe.

(3 x 2) (6)

3.4.2 Bepaal watter belegging die grootste opbrengs verdien het. Dui die berekeninge aan om jou antwoord te bevestig. (LO 2 AS 7)

Die volgende formule moet deur kandidate aangewend word:

$$\text{Persentasie opbrengs} = \frac{\text{Wins}}{\text{Aanvanklike investering}} \times \frac{100}{1}$$

Bob se investering:

$$\begin{aligned} \text{Wins} &= \text{R } 500\,000 - \text{R } 400\,000 \\ &= \text{R } 100\,000. \sqrt \end{aligned}$$

$$\text{Persentasie opbrengs} = \frac{100\,000}{400\,000} \times \frac{100}{1} \quad \sqrt$$

$$= 25\% \sqrt$$

Ken maksimum punte toe indien antwoord 25% of R100 000 is (maks. 3)

(3)

Sam se investering:

$$\begin{aligned} \text{Wins} &= \text{R } 400\,000 - (\text{R } 20\,000 \times 20) - \text{R } 200\,000 \\ &= \text{R } 200\,000 \checkmark \end{aligned}$$

$$\text{Persentasie opbrengs} = \frac{200\,000}{200\,000} \times \frac{100}{1} \checkmark \%$$

$$= 100\% \checkmark$$

Ken maksimum punte toe indien antwoord 100% of R200 000 is (maks. 3)

(3)**Metode 1: Rina se investering:**

$$\text{Rente} = \frac{15}{100} \times 300\,000 \checkmark$$

$$= \text{R } 45\,000 \checkmark \text{ (Leerlinge kan hierdie berekening toon)}$$

$$\begin{aligned} \text{Persentasie opbrengs} &= \frac{45\,000}{300\,000} \times 100 \times 2 \\ &= 30\% \checkmark \end{aligned}$$

OF

(Ken vol punte toe indien die leerling 30% of R 90 000 skryf) $\checkmark\checkmark\checkmark$
(3)

Metode 2: Rina se Investering:

$$\text{Eerste jaar} = \frac{15}{100} \times 300\,000$$

$$= \text{R } 45\,000 \checkmark\checkmark\checkmark \text{ (Leerlinge kan hierdie berekening toon)}$$

$$\text{Tweede jaar} = \frac{15}{100} \times 345\,000$$

$$= \text{R } 51\,750 \checkmark$$

$$\text{Persentasie opbrengs} = \frac{96\,750}{300\,000} \times 100 \%$$

$$= 32\% \checkmark \quad \textbf{(3)}$$

(Ken volpunte toe indien die leerling 32% of R 96 750 skryf) $\checkmark\checkmark\checkmark$

(Ken volpunte toe indien antwoord korrek is, andersins, gedeelte van punte vir die begrip van konsep/proses/prosedure tot 'n maksimum van 1 punt vir elke lid)

Sam se investering in Gold Reef aandele het die hoogste opbrengs koers verdien. $\checkmark\checkmark$

(2)**(maks. 10)**

Berekeninge	9
Sam se investering	2

3.4.3 Noem die instansie wat aandele in Suid – Afrika koop en verkoop (LO 2 AS 7)

Die Johannesburgse Sekuriteite Beurs. ✓✓
 of
 JSB of JSB BPK of Johannesburgse Effekte Beurs
Of
 Banke
 Aandele makelaars
 Privaat Maatskappy
 Publieke Maatskappy

**NB: 1. Moenie 'STRATA' as antwoord aanvaar nie.
 2. Moet gekoppel word aan koop en verkoop van aandele.**

(2)

3.4.4 Noem TWEE funksies van die instelling soos genoem in vraag 3.4.3 (LO 2 AS 7)

- Om beleggers op hoogte te hou deur aandeel pryse in koerante te publiseer. ✓✓
- Klein beleggers word die geleentheid gegee om in te investeer in die ekonomie en groei van die land. ✓✓
- Mobiliseer die fondse van versekeringsmaatskappye en ander instellings ✓✓
- Finansiële herontwikkeling sektor.
- Reguleerde mark vir handel met aandele.
- Besigheids kapitaal mark. ✓✓
- Dienste gelewer deur aandele makelaar:
- Koop en verkoop aandele soos in vraag 3.4.3
- Betrokke in die beplanning, navorsing en advise ten opsigte van investering moontlikhede.
- Verkryging van primêre kapitaal.
- Geordende mark vir aandele.
- Ondersteun nuwe investering
- Kannaliseer fondse na Handel en industrie en hoe investeerders op hoogte. Enige relevante funksie van die JSE. ✓✓

Nota: Indien leerder banke of ander antwoord verskaf – merk relevante antwoord dienooreenkomstig.

(2 x 2) (4)

3.4.5 Beveel twee maniere aan om te belê in hierdie instelling.

- Koop Effekte trusts ✓✓
- Deur Finansiële Instellings ✓✓
- Ander geregistreerde finansiële diens verskaffer, bv. makelaars. ✓✓
- Investering aan lyn. ✓✓
- Koop aandele in publieke maatskappye.

(2 x 2) (4)

3.5 Scenario – Fanie Botha: Sirkelgrafiek**3.5.1 Gee EEN rede waarom Fanie die verkoopsyfers van Sanele se Uitlaatpyp-en-bande-onderneming gebruik het. (LO 2 AS 6)**

- Fanie het Sanele se besigheid gebruik omdat hierdie besigheid sy agentskap gebruik. √√
- Wys 'n progressiewe toename in verkope vanaf die eerste tot die laaste kwartaal. √√

(2)**3.5.2 Wat het, na jou mening, verkoopsyfers beïnvloed? Motiveer jou antwoord. (LO 2 AS 6)**

- Sedert Fanie se bemerking agentskap wyer blootstelling gegee het, het verkoop syfers vermeerder wat 'n positiewe invloed op die besigheid weerspieël. √√
- Wys daarop dat besighede moet adverteer sodat die verbruikers publiek bewus is van sy bestaan en hulp aan die besigheid. √√
- Sanele bedryf 'n Uitlaatpyp – en – bande onderneming – Swart Economiese Bemagtiging. √√

**(2 x 2) (4)
[60]****UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 3	PUNTE
3.1.1	4
3.1.2	4
3.2	12
3.3.1	4
3.3.2	4
3.4.1	6
3.4.2	10
3.4.3	2
3.4.4	4
3.4.5	4
3.5.1	2
3.5.2	4
TOTAAL	60

VRAAG 4**4.1 Gevalle studie - REËNBOOG MOTORS.****4.1.1 Beskryf DRIE oorsake van konflik binne Reënboog Motors. Gebruik die inligting in die gevallestudie om jou antwoord te ondersteun. (LO 3 AS 6)**

- Rassisme - groepering volgens rasse lyne. √√
- Konflik ten opsigte van die uitvoering van pligte - tussen die verkoopbestuurder en die personeel onder haar toesig. √√
- Promosie van Me Beauty Khuzwayo - Oorsien van senior verkoops personeel in die promosie proses. √√
- Geslagsdiskriminasie – met die bevordering voorkeur gegee aan vrou. √√
- Verwaardelosing van die welstand van werknemers. √√
- Enige relevante antwoord verwant aan die gevallestudie.

(enige 3 x 2) (6)

Feit	1
Van gevallestudie	1

4.1.2 Veronderstel jy is die bestuurder van Reënboog Motors. Noem enige VYF stappe wat jy sal volg ten einde konflik op te los. (LO 3 AS 6)

- Erkenning/neem kennis dat daar konflik tussen werknemers is. √√
- Identifiseer die oorsake van die konflik. √√
- Reël vir 'n vergadering tussen die partye wat in die konflik betrokke is en die bestuur. √√
- Analiseer die situasie.
- Hou dinkskrum.
- Kies die beste idee.
- Implementeer die gekose idee.
- Analiseer die resultate.
- Ontwerp strategieë om die konflik op te los. √√
- Vind 'n weg vorentoe deur die partye te versoek om gehoor te gee aan 'n memorandum van ooreenkoms. √√

Alternatiewe antwoord:

- Ignoreer die konflik. √√
- Onderhandel vooraf. √√
- Onderhandeling. √√
- Post- onderhandeling. √√
- Volg proses op. √√
- Reg om te appelleer. √√

Alternatiewe antwoord:

- Benader die konflik direk. √√
- Onderhandeling. √√
- Mediasie. √√
- Arbitrasie. √√
- Reg tot appêl. √√

Alternatiewe antwoord:

- Ontmoet met konflikterende partye. √√
- Maak seker die partye verstaan dat dit in orde is om te verskil van mekaar. √√
- Laat elke party toe om gedagtes weer te gee. √√
- Oorweeg die bestuurder se perspektief oor hoe om die konflik op te los. √√
- Stel 'n tydsraamwerk om die konflik op te los. √√
- Enige ander relevante stap in die oplossing van konflik. √√
- Enige ander stap in die oplossing van konflikte. √√

Aanvaar enige orde.**(5 x 2) (10)****4.1.3 Reënboog Motors se werknemers behoort nie tot 'n vakbond nie. Adviseer die werknemers of hulle by 'n vakbond moet aansluit of nie. Gee VIER redes om jou besluit te ondersteun. (LO 4 AS 5)****Ja** √√ **of** Ek adviseer hul om by 'n vakunie aan te sluit. √√ **(2)****Redes :**

- Vakunies strewende daarna om werkomstandighede van werknemers te verbeter. √√
- Vakunies is betrokke in gesamentlike besluitneming in wisselwerking met die werkgewer. √√
- Beskerm sy lede van ontslag en onbillike afdanking. √√
- Vakunies monitor die implementering van sake rakende wetgewing, bv. gelykheid, transformasie en indienning van werkers met gestremdhede. √√
- Vakunies tree op namens lede in dispuut resolusies. √√
- Enige ander relevante antwoord rakende funksies/voordele.

(enige 4 x 2) (8)**(2 + 8) (10)****OF****NEE** √√ **of** Ek adviseer hul om by 'n vakunie aan te sluit. √√ **(2)****Redes:**

- Bespeur/beweerde bedrog, korrupsie of wanbesteding van fondse. √√
- Nepotisme √√
- Verspil tyd by vergaderings. √√
- Hoë ledegelde √√
- Enige ander funksie rakende nadele van vakunies.

(enige 4 x 2) (8)**(2 + 8) (10)****(- Ken geen punte toe aan kandidate wat Ja of Nee aandui sonder verduideliking/rede.**

- Indien die redes ja of nee aandui, die punte toekenning moet aandui 'n ja of nee soos deur merker geskryf)

4.1.4 Een van die werknemers van Reënboog Motors is onlangs afgedank. Daar is beweer dat die bestuur hom daarvan beskuldig het dat hy 'onder die invloed van drank' was terwyl hy aan diens was. Dit is nie met die werknemer bespreek nie en hy moes onmiddellik die diens verlaat. Gee SES redes waarom jy van mening is dat hierdie afdanking onbillik is. (LO4 AS5)

Verduidelikings om jou antwoord te ondersteun:

- Deeglike prosedures is nie gevolg nie/ geen eerste, tweede, finale waarskuwings nie. √√
- Geen verteenwoordiging deur 'n unie. √√
- Werknemer was nie geken/gekonsulteer nie. √√
- Geen bewys van 'n dissiplinêre verhoor nie. √√
- Die oortreding is slegs 'n aantuiging. √√
- Werknemers was nie ingelig deur die bestuur insake die prosedures om te volg by 'n wangedrag nie. √√
- In hierdie geval moes die maatskappy verseker het of dit die eerste, tweede of derde oortreding was. √√
- Hierdie maatskappy het geen rekord wat as bewys kan dien van vorige waarskuwings op skrif nie. √√
- Hierdie maatskappy het geen beleid in plek ten opsigte van wangedrag in die werkplek nie. √√
- Die beleid moet aandui dat bv. indien 'n persoon onder die invloed van drank is, terwyl hy op diens is, moet hy na 'n geneesheer geneem word vir bloed toetse. √√
- Die maatskappy moet ook bewys lewer van voorligting/rehabilitasie aan werkers. √√

(enige 6 x 2) (12)

4.1.5 Een van die klagtes aan Reënboog Motors was dat die bestuur nie die welstand van die werknemers in die werkplek in ag neem nie. Verduidelik enige TWEE maniere waarop hierdie situasie sal verbeter. (LO 3 AS 10)

- Betaal 'n billike loon/salaris. √√ bo die industriële gemiddelde. √
- Voorsien bykomende voordele. √√ bv. motor toelae. √
- Voorsien 'n gesonde en veilige werk omgewing. √√ bv. lugversorgers. √
- Voorsien 'n kliniek en mediese bystand in geval van noodgevallen. √√ bv. verpleegster en medikasie. √
- Voorsien ondersteunings programme aan werknemers, √√ bv. voorligting, HIV/AIDS opvoeding, ens. √
- Prestasiebeoordeling √√ – kontantbonusse vir prestasie. √
- Oop konsultasie √√ - oop kommunikasiekanale. √
- Behoorlike beleide √√ - bv. Griewe prosedures. √
- Delegasie van vertrouwe √√ - delegasie aan ondergeskikte. √
- Enige ander relevante antwoord rakende die welstand van werkers.

(enige 2 x 3) (6)

Feit	2
Voorbeeld	1

4.2.1 Noem die pos se benaming. (LO3 AS7)

- (2) - Menslikehulpbronpraktisyn:Personeel voorsiening. √√

4.2.2 Veronderstel jy doen aansoek vir hierdie posisie. Noem enige TWEE belangrike aspekte wat op jou van toepassing is. Gee redes vir jou antwoord. (LO 3 AS 7)

- Verwante vaardighede. Persal stelsel, relevante wetgewing. √√
Spesiale belangstelling, paslike vereistes en ondervinding in sleutel prestasie gebiede. √
- Salaris : R 132 054 p.j. √√
Huidige salaris is laer. √
- Take verbonde aan die posisie. √√
- Pligte wat jou belangstelling pas. √
- Sluitings datum van die aansoek. √√
- Voldoen aan afsluitte. √
- Kontak persoon. √√
- Navraag. √
- Head Office: Pietermaritsburg√√
Location. √
- Enige vereistes gestel in die advertensie wat deur leerders gedek is behoort in ag geneem te word.
- Ken slegs 2 punte toe Indien slegs die aspek uit advertensie genoem is.

(enige 2 x 3) (6)

Betekenisvolle aspek	2
Rede	1

4.2.3 Bereken die bruto maandelikse salaris vir die geadverteerde pos. (LO 3 AS 7)

Maandelikse bruto salaries = Salaris per jaar ÷ 12 √√
 $R132\ 054 \div 12 = R11\ 004,50$ √√ **of** indien antwoord korrek is √√√√

(4)

Indien leerling die antwoord afrond tot R 11 005 ken √√√√ (4) punte toe.

(Indien antwoord verkeerd is, ken 'n maksimum van 1 punt toe vir die verstaan van die proses/konsep en prosedure.)

4.2.4 Hoe voldoen hierdie advertensie aan die regering se inisiatief van inklusiwiteit? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (LO 2 AS 5)

- Vroulike persone word aangemoedig om aansoek te doen vir hierdie pos. ✓✓
- Persone met gestremdhede word ook aangemoedig om aansoek te doen. ✓✓

(4)**[60]****TOTALE PUNTE VIR AFDELING B : 180****UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 4	PUNTE
4.1.1	6
4.1.2	10
4.1.3	10
4.1.4	12
4.1.5	6
4.2.1	2
4.2.2	6
4.2.3	4
4.2.4	4
TOTAAL	60

TOTAL AFDELING B: 180

AFDELING C**VRAAG 5**

Identifiseer die uitdagings soos geopper en geklassifiseer volgens die DRIE besigheidsomgewings. Stel praktiese metodes of strategieë voor wat hierdie vervaardiger kan gebruik om hierdie uitdagings te bestuur kontroleer en te oorkom.

Maak aanbevelings aan Gugulethu Meubelmakers of hulle moet voortgaan om in hierdie sektor bedrywig te wees. (LO 1 AS 2 + 5)

5.1 Inleiding:

- Besigheid staan verandering in die oog vanuit die verskillende omgewings. ✓
- Die verskillende omgewing is soos volg:
Mikro, mark en makro omgewings. ✓
- Die mate van beheer varieer tussen die verskillende omgewings. ✓
- 'n Besigheid kan sy mikro omgewing beheer. ✓
- Daarom, moet hul strategieë ontwerp om in staat te wees om op hierdie verandering te reageer. ✓
- Enige relevant inleiding. ✓

(enige 3 x 1) (3)

5.2 Uitdagings en beheer oor die verskillende omgewings.

LW: Punte toegeken vir identifikasie van omgewings is 6 in totaal.

5.2.1 Mikro-omgewing: ✓✓**1. Uitdaging:**

- Afname in die omset van meubels as gevolg van die negatiewe effek op krediet aansoeke en die menige kliënte het nie voldoen aan die minimum vereistes nie. ✓✓

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- hersien die bemarkingsstrategie om meer kontantverkope te doen. ✓✓
- Enige relevante strategie verwant aan afname in verkope. ✓✓

2. Uitdaging:

- Verkoopspersoneel is nie oortuigend genoeg daarin om verkope te verseker nie. ✓✓

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Stuur verkoops personeel vir 'n opleidingskursus in bemerkingsvaardighede.√√
- Gebruik die fasiliteit van die SETA bv. merSETA om verkoops personeel op te lei. √√
- Enige relevante strategie verwant aan verkoop personeel.√√

3. Uitdaging:

- Geen mediese aandag en ondersteuning vir werkers besmet met HIV/VIGS nie.√√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Kan ondersteuning bied deur die verspreiding van Anti Retro Virale (ARV) medisyne. √√
- Vervoer van werknemers na klinieke vir behandeling. √√
- Verseker dat mediese dienste beskikbaar/toeganklik is. √√
- Opvoeding in HIV/AIDS. √√
- Ondersteuning aan HIV werknemers. √√
- Enige relevante strategie verwant aan mediese aandag/ondersteuning. √√

4. Uitdaging:(Kan ook bespreek as 'n uitdaging binne die Makro Besigheidsomgewing)

